

16 NOVEMBER

SKRIFGEDEELTE: PSALM 123:1-4 (OAV)

FOKUSGEDEELTE: PSALM 123:1

Die pad is moeilik – rig jou oë op God

Psalm 123 is geskryf in 'n tyd toe die kinders van God deur vreemde konings mishandel en onderdruk is. Ten spyte van al die swaarkry het hulle gereeld na Jerusalem opgegaan om daar aan die godsdienstige feeste deel te neem. Die digter van hierdie psalm is op die punt om sy pelgrimsreis na Jerusalem aan te pak. Nieteenstaande moeilike omstandighede en aan die begin van 'n pad wat die pelgrimsreisiger weet vir hom net gevare inhou, rig hy biddend al sy hoop en verwagtinge op God (vs. 1): “Ek slaan my oë op tot U wat in die hemel troon.” Al raak die pad hoe moeilik, kan die gelowige altyd biddend sy oë op God gerig hou, veral op God se genade. Soos 'n slaaf van destyds afhanklik was van die goeie guns van sy eienaar, net so is ons as gelowiges afhanklik van die genade van God. Die diepte van die digter se verwagting word vir ons in vers 3 beskryf waar hy pleit: “Wees ons genadig, o Here, wees ons genadig ...” Dit gaan in die eerste plek nie daaroor dat ons omstandighede moet verander nie, maar eerder daaroor dat daar vrede tussen ons en God moet wees. Wanneer ek my oë op God rig en biddend vanuit sy genade leef, weet ek dat ek in Christus sy kind is. Deur sy Gees is Hy altyd by my en is Hy in beheer van my omstandighede. Alles wat met my gebeur, is juis om te verseker dat my lewenspad veilig by my hemelse Vaderhuis eindig.

Sing: Psalm 42:5 (Totius)

Ds Hendrik Stoltz (Odendaalsrus)